Gesondheidsbeleid

- Beperk jou kind se suikerinname en bou aan sy/haar imuunstelsel.
- Water drink word sterk aangemoedig op gereelde basis deur die dag.
- Siek kleuters moet asb tuis bly, hulle herstel soveel vinniger.
- Sodra een siek maatjie skooltoe gestuur word is die blootstelling daar dat hy/sy die ander maats sowel as sy juffrou aansteek.
- Indien die kleuter koors of diaree ontwikkel het, moet hy/sy eers vir 12ure sonder enige tekens wees voordat hy/sy weer terugkom skool toe.
- Volgens landswette mag geen medikasie by 'n werkplek of skool toegedien word nie.
- Toesighou is vir ons 'n groot prioriteit en daardeur glo ons beperk ons ernstige beserings op ons speelgronde.
  Indien daar beserings plaasvind is daar altyd 'n personeellid wat die kleuter sal bystaan en versorg asook om die ouers in te lig van die besering.

Lees asb verder vir meer inligting…

PALET KLEUTERSKOOL GESONDHEIDSBELEID ALGEMEEN

- **GEWONE SIEKTES** (griep, verkoue, maagaandoening)
- Siek kleuters hoort tuis waar hulle versorg / verpleeg kan word.
- 'n Onderwyseres kan nie aandag aan siek kleuters gee en met die normale klas gee voortgaan nie.
- Wanneer 'n kleuter siek skool toe gebring word, steek hy die klasmaats en juffrou aan en almal ly daaronder, veral as juffrou ook moet tuisbly agv blootstelling.
- Wanneer 'n kleuter by die skool siek word (koors, diarree, naarheid, uitslag), word die ouers onmiddellik in kennis gestel en versoek om die kleuter te kom haal. Soms sal 'n ouer toestemming gee dat koorswerende medikasie (bv. Calpol) by die skool toegedien word, om te help, totdat die ouer opdaag.
- 'n Siek kleuter word gemaklik op die siekekamerbedjie neergelê en getroos, sodat hy veilig voel. Die kantoordames hou 'n wakende oog, totdat ouers spoedig opdaag.

- **BESERINGS: KLEUTERS**
- Elke onderwyseres en assistente het basiese noodhulp-opleiding ontvang. Die
- diplomas word tweejaarliks hernu, deurdat heropleiding op 'n gereelde basis plaasvind. Sekere personeellede het die uitgebreide kursus in noodhulp voltooi.
- Elke speelgrond word voorsien van 'n noodhulptassie met basiese voorraad soos "saline water", rubberhandskoene, pleisters, arnica room en Allergex.
- Noodhulptassies word saamgeneem wanneer kleuters uit klas beweeg bv. na saal vir konsertoefening of na buitespeelterrein.
- Daar is twee groot noodhulpkaste op die terrein. Een word saamgeneem as daar 'n uitstappie is soos bv die konsert. Noodhulpkas is in kantoor ook beskikbaar.
- Noodhulpvoorraad word elke kwartaal aangevul, of wanneer nodig deur die personeellid verantwoordelik vir noodhulp.
- 'n Spesiale vorm word ingevul wanneer 'n kleuter ernstig beseer word. Vir ligter beserings word 'n nota in die insidenteboek en op die witbord by speelarea gemaak.
- Naamlyste van kleuters met korrekte telefoonnommers van ouers / grootouers / vriende wat kleuter mag kom haal, is altyd byderhand.
- 'n Naam en telefoonlys met noodnommers is beskikbaar.

2. VIGS-BELEID

Dit is in ooreenstemming met die algemene vigs-beleid van Suid-Afrika.
Dit behels kortliks:

- Kleuters moet bewus gemaak word van die gevare van kontak met bloed. Rubberhandskoene moet deur die persoon aan diens gedra word om die pasiënt wat seergekry het, te versorg.
- Rubberhandskoene word vanuit die kantoor voorsien.
- Elke personeellid (en kleuter) het die reg op menswaardige behandeling en privaatheid.

3. BELEID: KOPLUISE

- Dit is nodig om ouers hieromtrent op te voed. Party ouers beleef dit onnodiglik as 'n persoonlike skande; dus moet dit altyd as 'n sensitiewe saak hanteer word.
- Om kopluise te beheer, word daar twee weekliks kopinspeksie by die skool gehou, deur elke klasjuffrou. Aantekeninge word op 'n klaslys gemaak.

- Indien daar 'n moontlik besmetting is, word meer as een persoon se opinie ingeroep om te bevestig.
- Die ouer word geskakel vanuit die kantoor en die kleuter moet so gou moontlik huis toe gaan, om oordrag te voorkom.
- Dit is die ouers se verantwoordelikheid om die behandeling / medikasie te koop en toe te dien.
- Wanneer die kleuter terugkom skool toe, volg 'n kopondersoek deur die skoolhoof en 'n onderwyseres, in teenwoordigheid van die ma. Slegs as daar geen teken van nete (oud of nuut) op die kop is nie, mag die kleuter terugkom skool toe.
- Sertifikate wat deur dokters of susters of apteke uitgereik word, om te sê die kleuter se kop is skoon, is dikwels onvoldoende. Ons het al gevind dat daar nog luistekens op die kleuter se kop sigbaar is, ten spyte van die sertifikaat.

4. BELEID I.V.M MEDIKASIE

- Volgens landswette mag geen medikasie by 'n werkplek of skool toegedien word nie agv dwelm-risiko, maar ons kom die ouers tegemoet.
- Wanneer 'n kleuter op bv. antibiotika is, aan die einde van die kursus, kan ons die medisyne wel by die skool toedien, maar slegs as die voorskrif meer as tweemaal per dag spesifiseer en die kleuter 'n voldag kleuter is.
- Geen vitamiene- of hoesstroop of simptomatiese stroop toegelaat nie. Slegs voorgeskrewe medikasie sal by die kantoor ingeneem word met 'n afskrif van die dokter se voorskrif daarby en 'n brief van die dokter.
- Geen medisyne mag ooit in 'n kleuter se tas skool toe gestuur word nie. Indien dit gebeur, skakel die skoolhoof direk met die ouers. Dit is 'n ernstige oortreding.
- Prosedure:
- Slegs voorgeskrewe medisyne word vanuit die kantoor aan 'n kleuter toegedien.
- Ouer bring medisyne na kantoor, in die oggend tesame getekende toestemming **van die ouer**, waarin die kleuters se **naam**, naam van die **medisyne**, **dosis** en **tyd** aangedui is, 'n afskrif van die dokter se **voorskrif** mag aangevra word deur die kantoor.
- Die personeellid wat die medisyne toedien, teken dit aan in die register wat in die kantoor gehou word. Die kleuter se naam, dosis en tyd moet ingevul word sodra die medisyne aan die kleuter gegee is.
- In die middag word die medisyne by die kantoor afgehaal deur die ouer self.

5. VOEDING

- Byna 140 kleuters (6 klasse) ontvang daagliks middagete volgens 'n vaste 2 weekilikse spyskaart.
- Elke trollie word tydens die aangeduide etenstye gepak vir 'n spesifieke klas se behoeftes met genoeg koppies, bordjies /bakkies, teelepels, opskepbakke en lepels.
- Tweemaal per dag word vrugtesap en/of rooibostee bedien.
- Voedsame happies deur die oggend en middag bedien, voor en na die gebalanseerde middagete.
- Die kombuis (en kleuterskool) het 'n algemene gesondheidsertifikaat van die Munisipaliteit en ons ontvang jaarliks inspeksie van die Gesondheidsafdeling.
- Skoon drinkwater is oral beskikbaar.
- Elke kleuter het sy eie waterbottel of bekertjie, wat altyd beskikbaar is.
- Water drink word sterk aangemoedig.

6. HIGIËNE

- Kleuters word opgevoed om hulle hande ná toiletgebruik te was.
- Seep, water en handdoekrol is beskikbaar; ook toiletpapier. Daar is verskeie handsaniteer toestelle beskikbaar in die skool.
- Elke kleuter moet 'n ekstra stel skoon klere in sy skoolsak saambring, vir noodgevalle.
- Wanneer 'n kleuter 'n glips kry, versorg die juffrou of assistent hom / haar in privaatheid en met groot deernis.
- "Wet wipes" en snesies word voorsien en kleuters word geleer om hulle eie neusies af te vee, en snesie in asblik te gooi.
- Kleiner kleuters word in die middag skoon en droog aan hul ouers oorhandig met huis toe tyd.
- Gereelde toiletroetines is deel van die dagprogram.
- Kleiner kleuters word "gepotty-train" wanneer ouers en juffrou saam besluit die tyd is reg om as span saam te werk.
- 'n Veilige ontsmettingsmiddel vir die kinders, nl: Enviroshield word weekliks in al die klasse en kombuis toegedien deur middel van 'n hoëdruk mikrospuit om al die areas binne te dring. Dieselfde ontsmettingsmiddel is ook vrylik beskikbaar en almal se hande asook oppervlaktes word op gereelde basis gespuit. Enviroshield word in hospitale gebruik vir infeksiebeheer.